

**16 September**

**Skrifgedeelte: Jeremia 29:1-14**

**Fokusgedeelte: Jeremia 29:11-14**

**Ek wil vir julle 'n toekoms gee, 'n verwagting!**

In 594 vC arriveer daar 'n brief vanuit Jerusalem in Babel. Dit is gerig aan 'n volk wat dit moeilik gevind het om hulle omstandighede te verwerk. Sommige het hulle onttrek van die lewe in Babel. Ander het begin droom van 'n spoedige uitkoms. Dan was daar diegene wat in opstand gekom het. Dit het egter misluk.

Teen hierdie agtergrond is die brief uit Jerusalem sekerlik met groot afwagting ontvang. Maar die openingswoorde is soos koue water op hulle gesig. Die opdrag is: Bly hier, raak gevestig, burger in! Hierdie woorde laat hulle drome in skerwe spat. Die Here praat van geslagte hier!

Tog is hierdie 'n brief van hoop. God gee immers die versekering dat Hy vir hulle 'n toekoms, 'n verwagting het. Maar nie in drome nie, nie in opstand nie, nie aangestip op 'n menslike kalender nie, nie afhanklik van politieke mag, soewereine heerskappy of selfs die tempel nie. 'n Ware toekoms omdat dit in God se hande is.

Maar 'n toekoms wat tog berus op 'n bepaalde beginsel: Die aanroep van God se Naam.

Wie smag na 'n toekoms midde-in 'n onstuimige hede, moet God aanroep en van harte na sy wil vra. Slegs in die ontmoeting met God kom daar kennis van sy wil. Hierdie kennis skep nuwe lewenskrag, gee nuwe hoop en verwagting. Wie God ontmoet en elke dag van harte sy wil soek, raak betrokke by die lewe rondom hom.

Met die sekerheid van God in my lewe en my lewe in God, maak dit sin om in alle omstandighede huise te bou en tuine aan te lê; maak dit sin om die grootste daad van vertrouwe in die toekoms uit te voer, naamlik om kinders te verwek en jou nageslag te sien groei.

*Sing: Psalm 9:1, 7, 10*

*Ds D Pansegrouw (Oos-Londen)*